16.2 RAPPORT 1 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – OORKOEPELEND (Art 167)

16.2 REPORT 1 – DEPUTIES ECUMENICITY INLAND – GENERAL (Art 167)

A. Dr JA Erasmus stel die Rapport.
Dr JA Erasmus tables the Report.

B. Kerke met wie ons in gesprek is, is in die lig van die beperkte finansies en verblyf, net uitgenooi om 'n skriftelike groeteboodskap te stuur.
Churches with whom we are in conversation have only been invited to send a written greeting, in view of the limited finances and accommodation available.

C. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

D. **RAPPORT / REPORT**

1. Ter kennisname: Vorige Sinodes se besluite wat opdragte aan Deputate raak	**1. Note: Decisions of previous Synods related to Deputies instructions**
1.1 Die veelheid van kerke word aanvaar, maar nie om daarby te berus nie. Die eenheid van die kerk as mistieke liggaam van Christus is 'n werklikheid, maar die eenheid van die uitwendige kerk is 'n Goddelike eis en roeping. Hieruit vloei die roeping van die kerk voort om dit wat uitmekaar hou, broederlik met mekaar onder oë te sien om sodoende te bring in een kerkverband (Acta, 1958:879-80, a.2.b).	1.1 The number of churches is accepted, but not to become complaisant. The unity of the church as mystical body of Christ is a reality, but unity of the outward church is a Godly calling and command. From this flows the calling of the church to address with brotherly love the things that divide and thereby establish one church (Acta, 1958:879-80, a.2.b).
1.2 Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet "as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping" gesien word (Acta, 1970:69).	1.2 The eventual unity of the Reformed Churches must be seen *as our most pressing and important ecumenical calling* (Acta, 1970:69).
1.3 Die doel van die ekumeniese gesprek is die uitdra van die universele evangelie waardeur alle kerke tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en so tot een kerklike gemeenskap op grond van ooreenstemming van die leer opgeroep word (Acta, 1994:195, 2.2.1.1; vgl 1967:366).	1.3 The goal of ecumenical engagement is the spreading of the universal gospel that calls all churches to one church community based on agreement of doctrine in obedience to God's Word (Acta, 1994:195, 2.2.1.1; cf. 1967:366).
1.4 Daar moet onderskei word tussen die roeping tot belewing van eenheid (kerke wat een in leer, diens en tug is) wat begrens is, en die roeping tot ekumenisiteit wat onbegrens is en wat tot alle kerke uitgaan en oproep tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en tot die onderlinge gemeenskap van gelowiges (Acta, 1967:366).	1.4 A distinction needs to be made between the calling to unity (churches that are one in doctrine, service and discipline), which is limited, and the calling to ecumenicity that is without boundaries and calls all churches to obedience to God's Word and to fellowship with believers (Acta, 1967:366).
1.5 Met die eenheid van die kerk word nie	1.5 Unity of the church is not about the

eendersheid van plaaslike kerke bedoel nie. Daar sal noodwendig uiterlike verskille, bv. in liturgie en bedieningsmetodes tussen plaaslike kerke in verskillende wêrelddele voorkom (Acta, 1997:171, 2.1.1.4).	sameness of local churches. There will be differences in, for example, liturgy and ministry methods among local churches in different parts of the world (Acta, 1997:171, 2.1.1.4).
1.6 Die ekumeniese roeping is dan gerig op "herstel van die eenheid van die kerk" (Acta, 1967:365).	1.6 Ecumenical calling is aimed at *the restoration of the unity of the church* (Acta, 1967:365).
1.7 In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit egter nie net om 'n gesprek oor hoe kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie, maar ook oor profetiese getuienis vir die waarheid teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar 'n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word (Acta, 1997:176, 3.2.1).	1.7 Fulfilling this ecumenical calling is however not only about talking about how church communities can visibly unite, but also about prophetic witnessing about the truth versus the lie as well as about working together towards a common goal (Acta, 1997:176, 3.2.1).
1.8 Gesien in die lig daarvan dat die GKSA 'n onbegrensde ekumeniese roeping het (Acta, 1976:366) en die noodsaaklikheid van die profetiese roeping van die GKSA in Suid-Afrika baie groot is, is dit belangrik dat die GKSA (onder andere deur hierdie Deputate) insette en getuienis by godsdiensinstansies, waar onder die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasies, sal lewer (Acta, 1997:177, 3.2.3).	1.8 In light of the GKSA's boundless calling to ecumenicity (Acta, 1976:366) and the great need of the prophetic calling of the GKSA in South Africa that the GKSA (*inter alia* through these Deputies) offer input and testimony at religious institutions, whether it be the South African Council of Churches or similar organisations (Acta, 1997:177, 3.2.3).
Besluit: Punte 1.1 tot 1.8 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.8 noted.**
2. Algemene opdragte aan die Deputate	**2. General instructions to the Deputies**
2.1 Die Sinode wyse Deputate aan om gesprekke te voer met binnelandse kerkgemeenskappe binne die Gereformeerde tradisie met die oog op kerklike eenheid.	2.1 The Synod appoint the Deputies to hold discussions with church communities from the Reformed tradition within the country with the aim of church unity.
2.2 Een van die Deputate Ekumenisiteit Owerheid word ter wille van die nodige skakeling op die Deputate Ekumenisiteit Binnelands benoem.	2.2 One of the Deputies Ecumenicity Authorities is to be appointed to the Deputies Ecumenicity National for necessary engagement.
2.3 Een van die Deputate Ekumenisiteit Buitelands word ter wille van die nodige skakeling op die Deputate Ekumenisiteit Binnelands benoem.	2.3 One of the Deputies Ecumenicity International is to be appointed to the Deputies Ecumenicity National for necessary engagement.
2.4 Die te benoeme Deputate begin nuwe gesprekke binne die raamwerk van *ekumeniese kontak*, en sit reeds gekonstrueerde gesprekke voort binne die raamwerk van *ekumeniese bande* met die oog op *ekumeniese eenheid*.	2.4 The to be appointed Deputies are to initiate new discussions within the framework of *ecumenical contact* and continue with already established discussions within the framework of *ecumenical ties* with the goal of achieving *ecumenical unity*.
2.5 Die Sinode begroot vir alle koste rakende die werksaamhede van die	2.5 The Synod budgets for all the expenses related to the work of the Deputies,

Deputate, insluitend die verpligte jaargelde rakende die Konvent van Reformatoriese Kerke.	including the compulsory yearly fees to the Convent of Reformatory Churches.
2.6 Dat opdrag aan die te benoeme Deputate gegee word om voortdurend aan sodanige voorkomende herdenkings aan te skenk binne die GKSA se ekumeniese verhoudings, en dat fondse in oorleg met die Admin Buro hiervoor begroot word.	2.6 The Deputies are to continually provide for such preventative contributions within the GKSA's ecumenical relationships and that funds be set aside for this in consultation with the Admin Bureau.
2.7 Dat die algemene opdrag van die te benoemde Deputate uitgebrei word om spesifiek die bevordering van ekumeniese verhoudings tussen plaaslike kerke in te sluit.	2.7 The general instructions to the to be named Deputies are to be expanded to specifically include the promotion of ecumenical relations among local churches.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.7 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.7 noted.**
3. Skakeling met KO, art 66 Deputate	**3. Contact with Deputies CO, art 66**
3.1 In die Rapport aan Sinode 2018 het die hierdie Deputategroep 'n versoek gerig dat die proses vir die uitvoering van KO, art 66 meer vaartbelyn gemaak word, veral in die lig van versoeke tot dae van verootmoediging deur ekumeniese liggame of kerke waarmee ons ekumeniese verhoudings het. Die voorstel is deur die Sinode aanvaar dat 'n Kommissie staande die Sinode aangewys word om die proses te ondersoek en aanbevelings te maak. Die Kommissie het egter nooit staande die vergadering terug gerapporteer nie. Hierop het die Deputate inisiatief geneem deur die Deputate KO, art 66 self te kontak. 'n Virtuele vergadering met die Deputaat Korrespondensie van Klassis Potchefstoom is gehou, waar ooreen gekom is om tydige kommunikasie met mekaar te behou. Indien enige versoeke tot 'n dag van verootmoediging vanaf enige ekumeniese liggame ontvang is, sal dit so spoedig moontlik deurgegee word, en oproepe na enige ekumeniese liggame sal ook so spoedig moontlik deurgegee word.	3.1 In the Report to Synod 2018 these Deputies made the request that the procedure for carrying out CO, art 66 be streamlined, especially in terms of requests for days of atonement by ecumenical bodies of churches with which we have ecumenical relationships. The Synod approved the request that a Commission be appointed to investigate the matter and offer recommendations. The Commission has however not as yet offered any feedback. The Deputies then took the initiative to contact the Deputies CO, art 66. A virtual meeting was held with the Deputy Correspondence of Classis Potchefstroom, during which it was agreed to remain in contact. Should any requests for a day of atonement be received from any ecumenical bodies, it will be forwarded without haste as well as any calls from any ecumenical bodies.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**